WORCESTER

Worcester is aan die rand van die Karoo en geniet die streek se droër klimaat gepaard met die Wes-Kaap se natuurskoon en boerdorpbedrywighede. Jy kan op die berge ski, en daarender wingerd plant. Worcester is in der waarheid die grootste wynproduserende distrik in die land. Daar is 24 kooperasies en 3 private kelders op die Worcester-wynroete, asook twee brandewynkelders. Van die plantegroei is halfwoestyn, maar in mens kan jou ook verwonder aan die ericas en fynbos in die natuur. Die bergstrome wemel van die trout, en die riviere is geskik vir kanovaart. En dan is daar die warmwaterbronne van Goudini.

Worcester is inderdaad 'n wonderlike plek. Die dorp het na Lord Charles Somerset se broer, die markies van Worcester, en is in 1820 gestig. Dis 'n kommersiële en onderwyssentrum, wat veral bekend is vir sy skole vir die dowes en blindes.



Worcester Gimnasium

Skoolgeskiedenis

Voor die begin van die 18de eeu het boere al lisensies ontvang om beeste in die Breërivierallei aan te hou. Teen 1709 was daar plase tussen die Breërivier en die Romansrivier. Die eerste erwe vir dorpstigting in die munisipale distrik van Worcester is in Februarie 1820 op 'n openbare veiling verkoop. Ná die eerste tien jaar was daar verskeie privaatskole op die dorp en omliggende gebied.

Die Nondenominational Boys' Public School, wat die Boys' High School voorafgegaan het, het in Julie 1873 met 78 seuns begin. Die Girls' High School is in Januarie 1876 met 16 meisies begin. Dié twee skole sou later twee van die meer bekende skole in Kaapland word, en dan in 1972 saamsmelt om Worcester Hoërskool te vorm op die terrein van die seunsskool. Die ou saal en die noord-oostelike vleuel is uitgehou vir gebruik deur die nuwe skool. Die geboue van die meisieskool huisves tans die Hugo Naudé-Kunsskool. Nog 'n produk van die samesmelting was die Hoërskool Montana ten noorde van die dorp. 'n Tak van die Kaapse Tegniese Kollege is in 1941 in Worcester gestig. Die skoolgebou en 'n koshuis is in 1942 geopen. In Januarie 1965 is die naam van die kollege verander in Hoër Handelskool want die opleiding van vakleerlinge is oorgedra aan die Hoër Tegniese Skool Drostdy. Teen April 1968 is die skool oorgeneem deur die destydse Kaapse Departement van Onderwys en in 1988 is die naam verander na Hoërskool Worcester-Oos. Worcester Gimnasium is in 1992 gestig met die samesmelting van Hoërskool Worcester en Hoërskool Worcester-Oos. Albei skole het dus 'n lang geskiedenis. Dr H van der Westhuizen is die huidige hoof.

STIGTINGSDATUM: 1992
LEUSE: DILIGENTIA (YWER)
ADRES: TULBAGHSTRAAT, WORCESTER
WWW.WORCGIM.CO.ZA

FNB

"Daar is heelwat verskille tussen skoolrugby en professionele rugby. Toe ek vir Worcester Gim 1ste-span gespeel het was die fokus meer om pret te hê saam met jou tjommies, maar hoe hoër jy opbeweeg het in die gradering, des te meer die druk. My beste vriende kom van skool af, waar ons klein dingetjies soos selfdissipline geleer het. Die oorlogskreet, en my breiers Arthur Janson en Marius van der Bank is goeie herinneringe."

— JP Nel

Rugby by Worcester

Worcester Gimnasium het nege spanne en is konsekwent een van die Boland se sterker vyftientalle. In 2005 het hy sy afdeling in die Media 24-kompetisie gewen, 'n kompetisie waarin baie van die swaargewigte deelneem. Sedert 1964 het die skool 136 Cravenweekspelers opgelewer.

Op nasionale vlak was daar agt SA Skole-spelers, asook vyf SA o.19 en drie SA o.21 spelers. Voor die 1992 almalgamasie was daar vier Springbokke: Percy Allport (1910), Buks Marais (1949), Bertus van der Merwe (1955) en Johan Oosthuizen (1974). Shandré Frolick het onlangs uitgeblink in die SA Sewes-span.

'n Gimnasium-oudleerling het ook by die Wêreldbeker van 2007 gepronk, maar nie in die Groen en Goud nie. Dit was DTH van der Merwe, wat vir Kanada gespeel het. Hoewel die krieketspelers Claude Henderson en Con de Lange en die atleet Dicky Broberg almal vir die skool se 1ste span gespeel het, is die Blou Bulle se senter JP Nel die skool se gunstelling oudleerling. Dewey Swartbooi, Aswell Peterson en Whalied Heyns is tans by Boland gekontrakteer.

Die groot derby van die jaar is teen HTS Drostdy, 'n wedywer wat so ver as 1920 terug strek. En hoewel Gimnasium soms sukkel teen hierde groter opponent, bly dit altyd 'n strawwe kragmeting.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Percy Allport, Buks Marais, Bertus van der Merwe Johan Oosthuizen

Kanada:
DTH van der Merwe